

Van arrogansie tot ondergang



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 5, Openbaring 17:4-6, Psalm 96:5, Kolossense 1:15-17, Romeine 1:16-32, Klaagliedere 8:11, Openbaring 14:8.

Geheeteks:

“Hy bepaal die gang van wêreldgebeure. Hy sit konings af en stel konings aan; Hy gee wysheid vir dié wat wys is en kennis vir dié wat insig het” (*Daniël 2:21, NLV*).

Besonder aangrypend is die voorbeeld van menslike selfverheffing in Daniël 5 en hoe dit op 'n dramatiese en skouspelagtige wyse tot 'n einde kom, soos dit altyd die geval is. 'n Mens kan natuurlik aanvoer dat Nebukadnesar sy kop eers herhaaldelik moes stamp voordat die boodskap uiteindelik deurgedring het. Feit bly staan, hy het ten minste sy les geleer. Sy kleinseun, Belsasar, was egter hardekwass tot die bittere einde. Tydens 'n orgie laat haal hy die tempelbekers om sy gaste daaruit te laat drink, en verontreinig so die gewyde voorwerpe. Hiermee daag hy basies die lewende God uit. Dit is, om die waarheid te sê, 'n klap in God se gesig. So loop Belsasar se spreekwoordelike “beker van sonde” dan oor. Hy tree hier soos die klein horinkie in Daniël 8 op, 'n entiteit wat die grondslag van God se tabernakel aanval. Die beëindiging van Belsasar se heerskappy is natuurlik 'n vooruitwysing op die dag dat God die vyande van sy eindtydkinders uit die vere sal lig. Die dinge wat in Daniël 5 beskryf word, het in 539 v.C. gebeur; die nag toe Babilon deur die Medo-Persiërs tot 'n val gebring is. Hier het ons die oorgang van die goue na die silwer gedeelte van die beeld in Daniël 2. Dit word opnuut duidelik dat God die verloop van wêreldgebeure bepaal.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 Februarie.*

Belsasar se feesviering

Lees Daniël 5:1-4 asook hfst. 1:1, 2. Wat doen Belsasar hier wat so sleg is? Hoe ton dit sy ware karakter? Vergelyk sy optrede met die beskrywing in Openbaring 17:4-6. Watter ooreenkomste het jy ontdek?

Die koning beveel dat die gewyde bekers afkomstig uit die tempel in Jerusalem as drankbekers gebruik word. Die bekers en ander eetgerei is deur Nebukadnesar uit die tempel verwyder, waarna dit in die huis van die koning se god geplaas is. Duidelik het Nebukadnesar minstens die gewydheid van daardie voorwerpe besef; maar nou omskep Belsasar daardie gewyde voorwerpe in partytjebekers, en boonop op die onheiligste maniere denkbaar. So drink die hooggeplaastes dan vrylik uit die gewyde bekers, terwyl hulle “die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip prys” (*Dan. 5:4; OAB, tydsvorm aangepas*). Let veral op die ses materiale wat hier genoem word. Wat meer is, dat die Babiloniërs nie die moderne desimale stelsel gebruik het nie. Hulle het in sestigtalle, en nie in tientalle getel nie. Die ses tipes gode wat ons hier het, verteenwoordig dus Babilon se ganse godedom, en gevolglik hul godsdienstige stelsel in sy geheel. Interessant genoeg stem die volgorde van die afgodsbeelde se materiale ooreen met dié van die beeld in Nebukadnesar se droom, behalwe die hout wat duidelik in plek van die klei geplaas word. Let ook op die laaste materiaal waarvan die reeks afgodsbeelde gemaak is, wat ook die laaste koninkryk in Nebukadnesar se droom in Daniël 2 versinnebeeld: klip. Die groot klip (of die rots) in Nebukadnesar se droom, dui op God se oordele oor die wêreldryke (*lees Dan. 2:44, 45*), waarvan Babilon inderdaad ’n voorbeeld was. Belsasar se feesmaal is ’n gepaste voorstelling van eindtyd-Babilon soos dit in Openbaring beskryf word. Net soos Belsasar het die vrou in eindtyd-Babilon ’n goue beker in die hand, en sy verlei die nasies met haar gemengde drank. Met ander woorde: m.b.v. dwaalleer en ’n verdraaide aanbiddingstelsel bring moderne Babilon die wêreld op bese weë (*Op. 17:4-6*). Tog is sy salig onbewus van die ondergang wat op haar wag. God se oordele sal haar weldra tref.

Op watter maniere verontreinig ons samelewing en hoofstroomkultuur die Woord van God? ’n Mens kan natuurlik op die ou einde deel van daardie vertrapping word, selfs al is dit net op subtiële maniere. Hoe waak ’n mens daarteen? Maak aantekeninge en deel dit in klastyd met die ander.

'n Ongenooide gas

Lees Daniël 5:5-8. Wat gebeur hier en hoe reageer die koning daarop? Op watter maniere stem hierdie gedeelte ooreen met die gebeure in Daniël 2, en waarom is daardie ooreenkomste belangrik? (Lees Ps. 96:5, Kol. 1:15-17.)

Belsasar doen presies wat Nebukadnesar in krisistye gedoen het (*Dan. 2:2 en hfst. 4:7*) – hy ontbied die voorspellers, die sterrekyners en die besweerders om die skrif te ontsyfer en die raaiselagtige boodskap uit te lê. Boonop belowe die koning allerhande uitspattige eerbewyse indien hulle hulle goed van hul taak kwyt: (1) 'n purper kleed, 'n koninklike kleur in antieke tye (*Ester 8:15*); (2) 'n goue ketting, wat op 'n hoë stand gedui het (*Gen. 41:42*); en (3) om die koning se derde in rang te wees, m.a.w. om 'n soort onderkoning te wees. Die laaste beloning is 'n korrekte weerspieëling van die politieke stelsel in Babilon van ouds. Belsasar was tweede in rang aangesien hy saam met sy pa, Nabonidus, regeer het. Die feit dat hy aanbied om iemand derde in rang te maak, maak dus sin. Ten spyte van dié aanloklike beloning kan geen een die geheime skrif uitlê nie.

Tot die magdom sondes wat Belsasar alreeds gepleeg het, voeg hy nog een: hy gaan soek antwoorde by mense wat dit nie kan gee nie. Die Babiloniese raadgeewers het behoorlik kopgekrap. Eerstens was dit in die taal van die Judeërs, Aramees, soos ons in môre se les sal sien; en tweedens was die boodskap te kriptomies. Dit laat dink 'n mens aan die woord wat God deur die profeet Jesaja gespreek het: “Die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal wegskuil” (*Jes. 29:14, OAB*). Dit is 'n teksvers wat Paulus ook aanhaal, en dan voeg hy by: “Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo” (*1 Kor. 1:20, 21, NAB*). Sommige waarhede is te belangrik om aan menslike uitleg oorgelaat te word. Sulke waarhede openbaar die Here dan Self aan ons.

Dink aan die tipe belonings wat uitgelooft is, asook die tragedie wat die Babiloniese Ryk kort daarna te beurt sou val. Dit toon hoe waardeloos daardie belonings in werklikheid was. Wat sê dit vir 'n mens oor die erbygaande aard van die wêreld, en waarom ons altyd ewige dinge in al ons doen en late voor oë moet hou?

Die koningin verskyn op die toneel

Lees Daniël 5:9-12. Wat sê die koningin aangaande Daniël wat Belsasar veronderstel was om te weet? Duidelik was die koning salig onbewus van Daniël. Wat sê dit vir 'n mens aangaande Belsasar?

Die raaiselagtige boodskap teen die muur het die banketsaal in beroering gebring. Te midde van die verwarring maak die koningin egter haar verskyning, en rig die benewelde Belsasar. Sy herinner die koning aan Daniël, wie se vermoë om drome uit te lê en verborgenhede bekend te maak reeds tydens die regering van Nebukadnesar bewys is. As Belsasar net so slim as sy voorganger was, sou hy geweet het by wie om aan te klop ten einde dié raaiselagtige boodskap te verstaan. Die koningin se ingryping was duidelik noodsaaklik, te oordeel na sy totale onbeholpenheid. Haar raad was dus 'n soort teregwysing. Belsasar word oor die vingers getik omdat hy die enigste onderdaan wat die raaiselagtige skrif kan uitlê, byna oor die hoof gesien het. Boonop gee sy Daniël 'n mondelingse getuigskrif. Sy sê aan die koning: Hy is 'n profeet wat deur die Gees van die allerheilige God gelei word; hy beskik oor skranterheid, insig en wysheid; hy is buitengewoon bekwaam, met die nodige kennis en insig om drome uit te lê; hy kan probleme oplos en moeilike dinge ontrafel; en Nebukadnesar het hom destyds as die hoof van die towenaars, die voorspellers, die sterrekykers en die besweerders aangestel (*Dan. 5:11 en 12, NAB*).

Hierdie getuigskrif laat 'n mens opnuut vra: waarom het Belsasar vir Daniël geïgnoreer? Geen direkte verklaring kan hiervoor aangebied word nie. Nietemin kan mens wel 'n bepaalde afleiding maak – naamlik dat Daniël die koning vir 'n paar jaar gedien het, waarskynlik tot in Belsasar se derde regeringsjaar (*Dan. 8:1, 27*), maar dat hy daarna nie meer 'n aktiewe rol in die paleis gespeel het nie. Daniël se ouderdom was moontlik 'n faktor. In daardie stadium was hy om en by 80 jaar oud, en dalk het die koning 'n nuwe geslag raadgewers verkies. Moontlik het Belsasar die profeet doelbewus geïgnoreer omdat hy nie hom tot Daniël se God wou verbind nie. Hoe dit ook al sy – of die rede nou een of vele is – is dit besonder opvallend dat iemand met 'n portefeulje soos Daniël s'n, so gou vergete geraak het.

Lees Romeine 1:16-32. Let op die beginsels wat hier genoem word. Hoe vind dit uiting, beide in die verhaal in Daniël 5 en in die hedendaagse wêreld?

Geweeg en te lig bevind

Lees Daniël 5:13-28. Wat is volgens Daniël die rede vir die koning se ondergang wat nou op hande is?

Die koning het egter geen ander keuse as om Daniël te raadpleeg nie, hoewel hy dit teësinnig doen. Dit spreek boekdele, maar nie soseer oor die koning se houding teenoor Daniël self nie, maar eerder teenoor die God wat Daniël dien. Daarenteen toon Daniël se reaksie op die belonings wat uitgelooft word, weer sý ware karakter, en wat en wie voorrang in sy lewe geniet. Waarskynlik het Daniël met die intrapslag besef wat daar geskryf staan en wat die Here daarmee wou sê, en dus besef hoe nutteloos die koning se belonings was. Daniël maak drie aanklagtes teen die koning.

Eerstens het Belsasar Nebukadnesar se lesse totaal geïgnoreer. Andersins sou hy hom, net soos sy voorganger, bekeer en voor die Here verootmoedig het.

Tweedens het Belsasar die gewyde eetgerei afkomstig uit die tempel in Jerusalem laat haal en wyn daaruit gedrink, terwyl hulle afgode vereer het. Hier noem Daniël ook die ses materiale waarvan die afgodsbeelde gemaak is, en in presies dieselfde volgorde as wat voorheen vermeld is.

Derdens het die koning versuim om God die lof en eer te gee, “die God in wie se hand u asem en voor wie al u paaië is” (Dan. 5:23, OAB).

Na Daniël die koning se foute uitgewys het, gaan hy oor na die uitleg. Uiteindelik hoor ons watter “skrif aan die muur” is – drie Aramese werkwoorde (waarvan die eerste herhaal word). Die koning en sy raadgewers het bes moontlik gewet wat hierdie woorde se alledaagse betekenis was: *MENE* (“getel”), *TEKEL* (“geweeg”) en *UFARSIN* (“verdeel”) (volg die ABA vir ’n meer korrekte transliterasie van die Aramees). Met die Medo-Persiese leër wat reeds buitekant die stadspoort van Babel stelling ingeneem het, was die skrif teen die muur seker ’n slegte voorteken vir die koning en sy raadgewers. Tog behou die raadgewers die absolute swye. Niemand wil die monarg ontstel nie. Uiteindelik is dit slegs Daniël wat die kriptiese drie-woordjie-boodskap kan ontsyfer sodat dit sin maak. God se boodskap aan Belsasar is: “*MENE*: u en u koninkryk se dae is getel en die einde het gekom; *TEKEL*: u is geweeg en te lig bevind; en *UFARSIN*: u koninkryk word nou verdeel, en aan die Mede en die Perse gegee” (Dan. 5:27 en 28, ABA). Nie juis goeie of vertroostende nuus nie.

Die Here se oordele oor Belsasar word spoedige voltrek. Neem egter in ag dat die mensdom steeds met bepaalde ongeregtighede spook, verkeerde dinge waarvoor God nog nie sy oordeel voltrek het nie. Hoe kan ons leer om hierdie dinge in die hande van die Here te laat, dat Hy eendag wel reg en geregtigheid sal laat geskied? (Lees Pred. 3:17 en hfst. 8:11, Matt. 12:36, Rom. 14:12.)

Babilon kom tot 'n val

Lees Daniël 5:29-31 asook Openbaring 14:8, en hoofstukke 16:19 en 18:2. Wat leer 'n mens uit die val van Babilon van ouds, wat vooruitwys op eindtyd-Babilon se ondergang?

Ten spyte van al sy foute, kom Belsasar sy beloftes aan Daniël na. Hoewel dit slegte nuus is, is hy tevrede met die profeet se uitleg, met die gevolg dat hy die uitgeloopte beloning aan hom gee. Die koning aanvaar die gegewe profetiese uitleg as die volle waarheid. Dit wil dus voorkom of Belsasar homself uiteindelik met 'n ander waarheid vereenselwig het, naamlik dat Daniël se God wel die lewende God is. Op daardie tydstip aanvaar Daniël dan ook die geskenke wat hy voorheen van die hand gewys het, dalk omdat die geskenke nie nou meer sy uitleg kan beïnvloed nie. Die geskenke is immers nutteloos, aangesien die ryk reeds besig is om te val. So aanvaar Daniel sy beloning dan as 'n blote hoffikheidsgebaar, met die wete dat hy slegs 'n paar ure lank derde in bevel van die Babiloniese Ryk sou wees. Die profetiese woord word inderdaad bewaarheid. Babilon kom tot 'n val. Dit gebeur boonop baie gou – die stad word sonder teëstand ingeneem, terwyl die koning en sy howelinge makietie hou. Volgens die geskiedskrywer Herodotus het die Perse 'n kanaal gemaak om die Eufraatrivier (wat regdeur die stad geloop het) se water af te keer. So het hulle dan deur die droë rivierbedding toegang tot die stad verkry. Dieselfde nag word Belsasar om die lewe gebring. Sy pa, koning Nabonidus, wat reeds die stad verlaat het, het boonop homself aan die nuwe heersers oorgegee. So kom die grootste wêreldryk ter aarde dan tot 'n val. Babilon, die kop van goud, bestaan nie meer nie.

“Belsasar het soveel kans gehad om die Here te leer ken en om sy wil te doen. Hy het gesien hoe sy oupa Nebukadnesar uit die samelewing geskakel was, hoe daardie groot intellek waarop die trotse monarg hom se beroem het deur die Gewer van daardie einste verstand weggeneem is. Hy het gesien hoe die koning uit sy koninkryk gedrywe is en tussen die wilde diere beland het. Ongelukkig was Belsasar verknog aan selfverheerliking en vermaak; en lesse wat altyd onthou moes word, is in vergeetheid gedompel. Hy het hom in soortgelyke sondes as sy oupa begewe, sondes met strawwe wat telkens die gevaarligte laat flits het vir Nebukadnesar. Die kans wat Belsasar so genadiglik gegun is, het hy verspeel. Geleenthede om homself van die waarheid te vergewis, geleenthede wat binne sy bereik was, het hy verspeel” (Ellen G. White, *Bible Echo*, 25 April 1898).

Watter geleenthede het ons om ons “van die waarheid te vergewis?” Wat behels dit? Op watter stadium kan ons sê dat ons vertrou is met voldoende waarheid wat ons nodig het om van kennis te dra?

Vir verdere studie:

Koninklike bankette was 'n algemene verskynsel in antieke tye. Vanmelewe se heersers het graag oordadige en uitspattige partytjies gehou, ten einde hul grootsheid en selfversekerdheid ten toon te stel. Hoewel Belsasar se feesmaal net in breë trekke beskryf word, weet ons wel dat die Medo-Persiërs reeds buite die stad stelling ingeneem het toe Belsasar-hulle die banket gehad het. Tog het hulle, menslik-gesproke, geen rede tot kommer gehad nie. Babilon het immers verterkte mure gehad, 'n kosvoorraad wat jare lank kon hou, asook hope water, aangesien die Eufraatrivier deur die middel van die stad gevloei het. Vir Belsasar maak dit dus sin om partytjie te hou, en dit terwyl die stad deur die vyand omsingel word. Dit is 'n vreeslike uithang-geleentheid, wat boonop in 'n orgie ontaard. Hier word die selfverheffing van die mens onverbloemd ten toongestel, en staan in skrilte kontras teenoor die almag van die Here. Deur die profeet Daniël ontvang Belsasar God se oordele: “U het nie die God geëer van wie u die lewensasem ontvang en wat oor u lewe beskik nie” (*Dan. 5:23; NAB, woorde aangepas*). Ja, die waarheid wou hy nie aanvaar nie, ten spyte van die vele kanse wat God hom gegun het. “Die geskiedenis van die nasies behoort vir ons iets te sê: dat God aan elke nasie en elke mens 'n plek in die Godsplan gegee het. God – die een wat nooit 'n fout maak nie – staan met die skietlood in die hand, en meet nasie en mens. Deur elkeen se keuses word sy [of haar of hulle gesamentlike] lot beslis; met God, wat ter wille van sy planne, die laaste sê het” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 536).

Vrae vir bespreking:

- 1. Bespreek Sondag se slotvraag in klastyd. Hoe behoort die kerk en individuele gelowiges op hierdie vertrappings (of selfs verontreiniging) te reageer?**
- 2. Verlossing gaan nie net oor die waarheid wat jy ken nie, maar ook dat jy dit uitleef. Hoe onderstreep vandag se bybelverhaal dit? (*Lees Dan. 5:22.*)**
- 3. Lees Daniël 5:23. Op watter belangrike geloofsbeginsels wys hierdie teks ons? Byvoorbeeld, dat 'n mens nie die Here moet tart nie? Of selfs, dat God ons Instandhouer, en nie slegs ons Skeppergod is nie?**
- 4. Belsasar verstaan nie die drie kriptiese werkwoorde nie, tog is hy benoud (*Dan. 5:6*). Wat leer 'n mens hieruit oor 'n skuldige gewete en diegene wat daarmee probeer saamleef?**